

DIE BRIEF AAN FILEMON

Inleiding

Hierdie brief maak saam met die briewe aan die *Efesiërs*, *Filippense* en *Kolossense* die viertal geskifte uit wat bekend staan as Paulus se gevangenskapsbriewe.

By twee geleenthede is Paulus vir redelike lang tydperke as gevangene aangehou — tussen 56 en 58 nC in Caesarea en tussen 59 en 61 nC in Rome (vgl die inleiding tot *Efesiërs*). *Filemon* is waarskynlik tydens een van hierdie twee tydperke geskryf. Volgens die kerklike tradisie is dit in Rome geskryf, maar vandag meen heelwat navorsers dat dit in Caesarea gebeur het. Enkeles gee egter voorkeur aan Efese, maar dan moes *Filemon* reeds tussen 52 en 55 nC geskryf gewees het.

Volgens vers 1 is Paulus en Timoteus medeskrywers, maar die konsekwente gebruik van die persoonlike voornaamwoord “ek” vanaf vers 4, dui Paulus as die eintlike skrywer aan. Dit is 'n persoonlike brief aan Filemon, maar tog ook bedoel vir Affia, Argippus en die hele huisgemeente wat in Filemon se huis saamkom (2). Dit word algemeen aanvaar dat Filemon in Kolosse gewoon het.

Die aanleiding tot die brief was dat Onesimus, 'n slaaf van Filemon wat van hom weggeloop het, by Paulus uitgekom en onder sy evangeliebediening 'n Christen geword het. Paulus stuur Onesimus nou terug na Filemon en skryf hierdie brief, waarin hy pleit dat Filemon nie vir Onesimus vir sy oortreding sal straf nie, maar hom eerder as 'n broer sal

terugverwelkom (vs 16), trouens sal verwelkom soos hy Paulus self sou verwelkom (vs 17). Paulus vra nie dat Filemon aan Onesimus sy vryheid moet skenk nie, alhoewel sy vertrouwe dat Filemon selfs meer sal doen as wat hy vra, dit impliseer. Paulus is ook van voorneme om Filemon te besoek, en vra dat laasgenoemde vir hom huisvesting gereed sal hou.

Die Brief aan Filemon word algemeen beskou as 'n juweel van die oorredingskuns. Dit blyk uit die hele brief, maar veral uit Paulus se taktvolle pleidooi dat Filemon (vs 8-22) sy wegloopslaaf nie op die normale en verwagte wyse sal straf nie, maar eerder as 'n broer in Christus sal ontvang. Die krag van die evangelie verander mense (vs 11), en maak van 'n slaaf 'n “geliefde broer” (vs 16). Maar dit is veral die boodskap van onderlinge versoening tussen gelowiges, al verskil hulle in sosiale stand (vgl Gal 3:28; Kol 3:11), wat in die brief sterk op die voorgrond tree.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1-3 Brieffaanhef

4-7 Danksegging en voorbidding

8-22 Paulus se versoek aan Filemon

23-24 Groete

25 Seëngroet

1

¹ Paulus, die gevangene van •Christus Jesus,^{*} en ons broer Timoteus, aan^a ons geliefde medewerker Filemon ² en ook aan ons suster Affia en

^{*} **1 die gevangene ... Jesus:** Ef 3:1; 4:1; Fil 1:7,13; Filem vs 9

^a **1 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

ons medestryder Argippus^b en die •gemeente wat in jou huis saamkom:

³ *Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

Danksegging en voorbidding

⁴ *Ek dank my God altyd wanneer ek aan jou dink in my gebede,

⁵ omdat ek gehoor het van jou liefde vir al die heiliges^c en van jou geloof in die Here Jesus. ⁶ Ek bid dat jou deelname aan die geloof daadkrachtig mag wees* deur jou kennis van elke goeie saak wat daar onder ons^d is, tot eer van •Christus. ⁷ Ek is inderdaad baie bly en bemoedig oor jou liefde,* broer, omdat die hart van die heiliges deur jou verkwik is.

Paulus se versoek aan Filemon

⁸ Daarom, al het ek in •Christus groot vrymoedigheid om jou te beveel wat jy behoort te doen, ⁹ rig ek, Paulus, op grond van die liefde eerder 'n versoek aan jou, juis omdat ek so 'n ou man is en nou ook nog 'n gevangene ter wille van Christus Jesus.* ¹⁰ Ek pleit by jou vir my geestelike kind,* Onesimus,* wat ek tydens my gevangenskap verwek het.^e

^b2 **Argippus:** Kol 4:17 verwys na die dienswerk wat Argippus in die Here ontvang het.

*3 Rom 1:7; Gal 1:3; Fil 1:2

*4 Rom 1:8-9

^c5 **heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

*6 **jou deelname ... wees:** Fil 1:9; Kol 1:9

^d6 **ons:** Ander mss lui “julle”.

*7 **Ek ... liefde:** 2 Kor 7:4

*9 **'n gevangene ... Jesus:** Ef 3:1; 4:1; Fil 1:7,13; Filem vs 1

*10 **my ... kind:** 1 Kor 4:15; Gal 4:19

*10 **Onesimus:** Kol 4:9

^e10 **wat ek ... verwek het:** Kan ook vertaal word “wie se geestelike vader ek geword het”.

¹¹ Hy het destyds vir jou geen voordeel ingehou nie, maar nou hou hy vir jou en vir my groot voordeel^f in. ¹² Ek het hom na jou teruggestuur,^g hy wat my eie hart is! ¹³ Ek wou hom graag by my hou sodat hy my in jou plek kon dien* terwyl ek ter wille van die evangelie in boeie is.^h ¹⁴ Maar sonder jou instemming wou ek niks doen nie, sodat jy jou goeie daad nie uit dwang nie, maar vrywillig sal doen.* ¹⁵ Dalk was hy juis om hierdie rede 'n rukkie lank van jou af weg sodat jy hom vir altyd kan terugkry, ¹⁶ nie langer as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf, as 'n geliefde broer* — in die besonder vir my, hoeveel te meer dan vir jou — liggaamlik sowel as in die Here.

¹⁷ Indien jy my as deelgenoot beskou, verwelkom hom asof dit ek is. ¹⁸ En as hy jou enige skade berokken het of jou iets skuld, sit dit op my rekening. ¹⁹ Ek, Paulus, skryf hier met my eie hand: **“Ek sal betaal.”* En dan praat ek nie eers daarvan dat jy jouselfⁱ aan my verskuldig is nie. ²⁰ Ja, broer, mag ek tog in die Here van jou hierdie voordeel geniet;* verkwik my hart in Christus.

²¹ Met volle vertroue in jou gehoorsaamheid skryf ek vir jou, in die wete dat jy selfs meer sal doen as wat ek vra. ²² Maak terselfdertyd ook die gastekamer vir my gereed, want ek verwag om deur julle gebede aan

^f**11 geen voordeel ... groot voordeel:** 'n Woordspel op die naam “Onesimus” wat ‘voordelig’ beteken.

^g**12 teruggestuur:** In ander mss volg hierna “en neem jy hom aan”.

***13 hy my ... dien:** Fil 2:30

^h**13 ter wille ... is:** Letterlik ‘in die boeie van die evangelie’.

***14 nie uit ... doen:** 2 Kor 9:7; 1 Pet 5:2

***16 nie langer ... broer:** 1 Tim 6:2

***19 Ek ... hand:** Gal 6:11; 2 Thess 3:17

ⁱ**19 jouself:** Dit dui op ‘jou lewe as gelowige’.

***20 voordeel geniet:** Filem vs 11

julle geskenk te word.

Groete

²³ Epafra^{*}, my medegevangene in •Christus Jesus groet jou. ²⁴ So ook my medewerkers Markus,^{*} Aristargus,^{*} Demas^{*} en Lukas.^{*}

Seëngroet

²⁵ Die genade van die Here Jesus •Christus bly met julle gees.

* **23 Epafra:** Kol 1:7; 4:12

* **24 Markus:** Hand 12:12,25; 13:13; 15:37-39; Kol 4:10; 2 Tim 4:11

* **24 Aristargus:** Hand 19:29; 27:2; Kol 4:10

* **24 Demas:** Kol 4:14; 2 Tim 4:10

* **24 Lukas:** Kol 4:14; 2 Tim 4:11